

# Vergifnis en geregtigheid – Hermie van Zyl

In hierdie aanbieding sal jy leer:

- Wat die verband is tussen vergifnis en straf;
- Wat die verband is tussen vergifnis en restitusie (herstel)

Noudat ons in die vorige aanbiedings redelik volledig gehandel het oor die verskillende aspekte van vergifnis, is die laaste kwessie wat ter sprake is die vraag: Is alles afgehandel nadat vergifnis plaasgevind het? Wat van die eis van geregtigheid oor verkeerde dade, waarvan sommige gruwelik en afstootlik kan wees, soos diefstal, roof, verkragting, wreedaardige (plaas)moorde, bedrog (pensioene wat daarmee heen is), om nie meer te noem nie? Selfs al kan mens dit vergewe, beteken dit dat die onreg wat gepleeg is ook daarmee uitgewis en vergeet is? Maak dit vergifnis nie goedkoop nie? Wat van die gevoel dat daar ook reg en geregtigheid moet geskied?

Twee aspekte is hier ter sprake: 1. Vergifnis en straf; en 2. Vergifnis en herstel.

## **1. Die verband tussen vergifnis en straf**

Daar is twee kante aan God wat nie teenoor mekaar staan nie, maar beide teenwoordig is in vergifnis, en dit is 1. sy genade en barmhartigheid wat maak dat God altyd gereed staan om te vergewe, maak nie saak hoe groot ons sonde is nie, en 2. sy toorn oor die sonde. Sonde grief Hom, en dit moet gestraf word. Althoe hierdie lyne loop deur die Bybel.

Hierdie twee lyne maak dat wanneer God vergewe Hy nie vergeet van die eis van geregtigheid nie. Hy vergewe nie maar sommer nie. Vergifnis is nie gelyk aan “oorsien” nie. Daar is 'n regs-basis vir sy vergifnis. Hoe ernstig God oor sonde is, blyk

uit die dood van Christus. God het sy regmatige toorn en oordeel oor die sonde "gewreek" in Christus. Christus het betaal vir alle ongeregtigheid. Daarom dat daar in 2 Korintiërs 5:18-19 staan dat God *in Christus* Homself met die wêreld versoen het. God vergewe sonde omdat Hy dit klaar gestraf het in Christus. Die oorstelpende waarheid is: Beide sy vergifnis en straf van die sonde geskied uit liefde, barmhartigheid en genade. Ons kan die diepte hiervan nie peil nie; ons kan slegs in verwondering daaroor staan, dit glo en daaruit leef. Dis wanneer die besef my oorweldig wat dit God gekos het om my te vergewe, en hoe dit sy liefdeshart blootlê, dat dit berou en skuldbelydenis oor die grootheid van my sonde by my wek.

Maar, God se vergifnis van my sonde hef nie noodwendig die gevolge van my sonde op nie. Dis hier waar die verhouding tussen vergifnis en straf ter sprake kom. Daar is veral twee plekke in die Bybel waar dit geïllustreer word.

2. God vergewe Dawid se sonde toe hy Urija, die man van Batseba, op 'n slinkse wyse op die slagveld laat sneuwel het, asook sy owerspel met Batseba. Maar nogtans sterf sy kind by Batseba. Volgens 2 Samuel 12:13-14 sê die profeet Natan vir Dawid, nadat dié berou getoon het oor sy sonde: God het jou sonde vergewe, maar omdat jy die vyand aanleiding gegee het om teen God te laster, sal jou kind sterwe.
3. God vergewe Dawid nadat hy die volk laat tel het; hierdie telling was klaarblyklik daarop gemik om sy eie eer en aansien 'n hupstoot te gee (2 Samuel 24). Maar die volk ly as gevolg van Dawid se oortreding nadat die Here 'n pes onder die volk gestuur het.

Ja, 'n mens sondig nooit alleen nie. Jou sonde beïnvloed almal rondom jou, dit spoel oor na die groter gemeenskap, veral as jy 'n hoë en verantwoordelike posisie beklee en jou optrede wyer implikasies het as net vir jouself, soos in Dawid se geval. Hy word wel persoonlik vergewe, maar sy sondes het

gevolge ingehou vir die volk Israel. Verder het huishoudelike spanning, rugstekery en skande 'n groot impak gehad op Dawid se huishouding (2 Samuel 12:11-12; 16:21-22). Dit is nou eenmaal so dat sonde 'n manier het om nie net die eer van God aan te tas nie, maar ook die sosiale orde te bedreig. Daarom is dit soms nodig dat die reg sy gang gaan, ongeag die feit dat God 'n mens vergewe.

Dieselfde beginsel van straf is ook ter sprake waar ons teen mekaar sondig. Hierdie sondes is soms net van so 'n aard dat dit nie ongestraf kan bly nie, of dat dit lank vat om die skade en die letsels wat dit laat, te herstel, selfs al vergewe ons die onreg wat ons mekaar aandoen. Die moordenaar aan die kruis ontvang vergifnis en hoor dat hy saam met Christus die paradys ingaan, maar hy boet steeds vir sy misdade. Die persoon wat gesteel het, mag deur die benadeelde vergewe word, maar gaan nog steeds deur die reg gestraf word. Die man wat in sy dronkenskap 'n kind doodgery het, mag uiteindelik deur die ouers vergewe word, maar gaan steeds tyd in die tronk deurbring. Die man wat sy vrou mishandel het, mag na rehabilitasie opreg berou hê en deur sy vrou vergewe word, maar dit gaan lank vat voor die verhouding weer herstel is, want ernstige skade is aangerig. Die persoon wat aan lewersirroose ly na 'n leeftyd van drankmisbruik mag na rehabilitasie berou hê en vergifnis ontvang, maar gaan nie skielik 'n gesonde lewer terugontvang nie. En so kan ons die voorbeelde vermenigvuldig.

Daar is dus 'n verskil tussen vergifnis en die ter syde stel van die gevolge van sonde. Sonde hou in baie gevalle ook straf in. Ja, ons mag en moet mekaar vergewe, ter wille van ons eie sieleheil en dié van die ander, sodat daar genesing kan plaasvind, sodat jy kan vry raak van die verlede. Maar, die reg gaan sy gang: Moordenaars, diewe en bedrieërs word steeds gestraf, wat 'n afskaduwing is daarvan dat God nie sonde bloot oorsien nie.

Die rede waarom vergifnis nie noodwendig die gevolge van ons

dade uitwis nie, is omdat vergifnis 'n verhoudingsaak is, terwyl die gevolge van ons sonde 'n omstandighedsaangeleentheid is. Dit beteken: 'n Verhouding – veral die verhouding met God – word deur vergifnis herstel; dis die begin van 'n nuwe pad saam met God en met mekaar. Maar die omstandighede van sekere daade is dikwels van so 'n aard dat dit gepaardgaande gevolge inhou vir onself, vir ander en vir die breë gemeenskap. En daardie gevolge kan strafregtelike implikasies hê. 'n Mens maai nou eenmaal wat jy saai; as jy op die akker van jou sondige natuur saai, sal jy die gevolge daarvan dra, ongeag of jy daarvoor vergifnis ontvang of nie. Wat ons móét doen, is om op die akker van die Gees te saai, en dan die ryke oes daarvan in te samel (Galasiërs 6:7-8). Natuurlik, dit gaan hier nie oor 'n wettiese uitbalansering van daade en gevolge nie. Ook hier is die genade van God ter sprake. Dit maak dat ons in hierdie lewe baie meer genade ontvang as straf, en uiteindelik ten spyte van wat ons gedoen het die ewige lewe ontvang. Maar dit hef nie die lewenswet van Galasiërs 6:7-8 op waaraan ons almal onderhewig is nie. Ons word geroep om nie op die akker van die ou natuur te saai nie, maar op die akker van die Gees.

Wanneer dit gaan oor die geregtelike implikasies van ons daade, moet ons ook besef dat die wraak en soeke na reg en straf, Góð toekom, nie ons nie (Romeine 12:19). Verder, die owerheidsinstansies is daar om God se reg en straf in die samelewing te verteenwoordig. Die owerheid is immers 'n dienskneg van Góð, volgens Romeine 13. Wanneer daar dus straf uit te deel is, mag ons nie die reg in eie hande neem nie, hoe graag ons ook al wil, veral as daar na ons mening nie reg geskied nie.

Verder moet ons ook deurgaans besef en erken dat ons almal skuldig voor God is, nie net die slegtes nie, maar ook die goeies. Romeine 3:23 sê duidelik: “Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie”. Wanneer ons dus straf eis, mag dit nie met haat in die hart wees nie, maar met

die besef dat onself broos is en geneig tot alle kwaad.

Wanneer hierdie beginsel gestel word, is dit duidelik die ideaal. Maar ons weet dat die ideaal nie altyd verwesenlik word in die samelewing nie. Wat as die reg tot niet gaan, as die owerheid nie die reg handhaaf nie, as die skuldiges nooit aan die pen ry nie? Selfs dan geld die beginsel steeds: Moenie oorhaastig, en veral nie met haat, jouself in optredes begewe wat meer skade as goed aanrig nie. 'n Lewensingesteldheid van vergifnis probeer altyd ruimte maak vir die goeie in ander om te seëvier. Werk daarom aktief mee om die reg in ere te herstel en die samelewing te mobiliseer tot verantwoordelike optrede. In 'n totalitêre staat is dit moeilik – soos die eerste eeuse kerk moes ervaar – maar in 'n demokratiese bestel moet al die opsies eers uitgeput word voordat tot drastiese stappe oorgegaan word. In hierdie lewe is lyding onder onreg dikwels die gelowige se voorland. Maar ook hier vorm vergifnis die toonaard van die gelowige se lewe, waar die volgende riglyne van waarde kan wees:

- Gee jouself tyd. Vergifnis is nie goedkoop nie. Niemand verwag van jou om dadelik te vergewe nie. Vergifnis is 'n lewenswyse, 'n langtermynbelegging, dit lewer eers later dividende op.
- Beoefen rasionele terapie: Kry perspektief op 'n saak. Hoeveel ander het nie al dieselfde dinge deurgemaak nie; jy's nie uniek in lyding onder onreg nie.
- Vergifnis is 'n gawe van God, dit kom nie uit onself op nie. Daarom: bid, worstel met God en die ander.
- Vermy bitterheid. Stel jouself in 'n posisie waar God met jou kan werk en jou gesindheid verander.
- Onthou, gevoel volg geloof. Glo dat jy kan vergewe; handel daarvolgens, en laat God mettertyd jou gevoel verander.

### **1. Die verband tussen vergifnis en restitusie (herstel)**

Die tweede aspek van vergifnis en geregtigheid het te make met

restitusie. Hier gaan dit veral oor ons optrede wat ander ernstig benadeel het, wat soms ten hemele skrei. Afgesien van die regmatige straf wat daaruit kan voortvloei (kyk vorige afdeling), het ons ook 'n morele verantwoordelikheid om die skade te probeer herstel. Uiteraard moet jy God en die benadeelde(s) vra om jou te vergewe. Maar dikwels is daar ook restitusie ter sprake. Die Ou Testament het uitgebreide reëls hieroor gehad, kyk byvoorbeeld Eksodus 22:1-15; Levitikus 6:1-5. En so kry ons dit ook in die Nuwe Testament met die gebeure rondom Saggeus, die hoof tollenaar van Jerigo. Volgens Lukas 19:8 is hy bereid tot restitusie, om so ver dit in sy vermoë is dinge reg te stel wat hy verbrou het. Hy is bereid om die geld wat hy onregmatig van mense verhaal het, viervoudig terug te betaal.

Hierdie optrede van Saggeus is nie blote "tokenism" nie, dit vloei voort uit sy herstelde posisie voor God. Tollenaars was Jode wat as belastinggaarders vir die Romeine opgetree het. Hulle is daarom deur hulle volksgenote as buitelanders van die verbond beskou, volksverraaiers, nie kinders van Abraham nie. Maar Jesus sê vir Saggeus: Ek moet by jou tuisgaan, want vandag het daar redding vir hierdie huis gekom. Hierdie man is ook 'n kind van Abraham; ja, hy is deel van die verbondsvolk, nie 'n buitelandster nie.

So het Jesus Saggeus se status in die Joodse gemeenskap herstel. Daar het redding vir hom gekom, sy sondes is vergewe. En volgens kerklike tradisie het hy later leier van die Christelike gemeenskap in Sesarea geword. Indien dit waar is, het hy, net soos Paulus ná sy bekering, 'n leiersposisie in die vroeë kerk vervul. Want redding is altyd totale herstel, waarvan vergifnis van sonde 'n aspek is.

Vanuit sy herstelde posisie voor God en in die gemeenskap is Saggeus nou bereid om restitusie te doen vir wat hy verbrou het. Die helfte van sy goed gee hy vir die armes, en hy betaal vierdubbeld terug waar hy iets van iemand afgepers het. So is hy presies die teenpool van die ryk jongman wat nie bereid was

om iets vir die armes te gee nie (Lukas 18:23). Dis eintlik ironies: Die ryk man was 'n persoon van aansien in die gemeenskap en kenner van die wet, tog is hy nie bereid tot herstel nie. Maar Saggeus – die veragte, die uitgeworpene – gee veel meer (4x) as wat vereis is deur die wet. (Laasgenoemde was die volle bedrag + 20% rente.) Dit is teken van sy egte berou en aanvaarding van God se vergifnis. Hy wil hê al die verhoudings waarin hy staan, moet herstel word.

Ware berou en ontvangs van vergifnis vertaal altyd in die bereidheid tot herstel van verhoudings en van skade wat aangerig is. Daarom sê Jesus ook vir die vrou wat in owerspel betrap is: “Gaan heen, en sondig nie meer nie” (Johannes 8:11). Die “gaan heen” is die kwytskelding en vergifnis van sonde, en die “sondig nie meer nie” is die oproep tot 'n nuwe lewe waarin sy afstand doen van haar ou lewe en die nuwe lewe as herstellende mens aanvaar en uitleef.

So ook in Matteus 5:23-24. Selfs al is jy met jou goedbedoelde godsdienstige pligte besig (besig om 'n offer te bring), en dit val jou daar by dat jou medegelowige iets teen jou het, laat staan jou offer net daar, gaan maak vrede – dit wil sê, gaan herstel die verhouding met jou naaste, gaan maak reg wat moontlik as gevolg van jou onverskillige optrede skeefgeloop het – en bring dan jou offer. Dit onderstreep die belangrikheid daarvan dat ons as vergeefde mense so sensitief sal wees vir skeefgetrekte verhoudings, vir dit wat moontlik weens my optrede of gebrek aan optrede stukkend gegaan het, dat ek my diens aan God sal opskort – eintlik, dat my diens aan God getransformeer word tot diens aan my naaste – en so ontdek dat my diens aan God ook getransformeer word, tot sy reg kom.

Al hierdie voorbeelde laat ons net besef: Genade en vergifnis is nooit goedkoop nie. Dit het die dood van God se Seun gekos om ons sonde te vergewe. Genade is 'n duur geskenk van God. Dis weliswaar gratis, want ons kan nie daarvoor betaal nie, maar dis nie goedkoop nie. Net so ook wanneer ek iemand anders

benadeel het. Dit vra iets van ons om die gebroke verhouding te herstel – 'n nuwe lewensstyl van restitusie, sodat reg en geregtigheid kan geskied.

Verder, ook by hierdie punt moet dit gestel word: Die gevolge van sonde lê nie net op persoonlike vlak nie, dit spoel ook oor na sosiale strukture. Neem byvoorbeeld die nagevolge van slawerny. Ons kan vergifnis gee en ontvang vir die onreg wat aan mense gedoen is, maar dit neem leeftye van herstel en restitusie om daardie onreg uit te wis en geregtigheid tot stand te bring. Die VSA sukkel vandag nog om hulle slawe-verlede af te skud.

Ons kan dit ook toepas op Suid-Afrika. Ons sukkel steeds met die nalatenskap van apartheid. Hoe goed die beleid van “afsonderlike ontwikkeling” ook bedoel was, feit is dit het skade aangerig aan verhoudings, dit het mense veronreg, en so iets word nie summier herstel net omdat ons mekaar vergewe nie, ten spyte van die Waarheids- en Versoeningskommissie se pogings. Vergifnis is weliswaar die regte begin, want dit maak jou vry van die verlede en maak 'n nuwe toekoms moontlik, maar dit moet vertaal word in konkrete dade van geregtigheid.

En ja, ongelukkig is daar weer nuwe vorme van ongeregtheid wat deur 'n nuwe regeringsbestel veroorsaak word. Omgekeerde apartheid en rassisme, en wraakpolitiek is aan die orde van die dag, asof mense nie geleer het uit die verlede nie. En ook dit gaan sit nie in ons klere nie. Uiteindelik is dit alleen dade van geregtigheid wat die gevoel van verontregting kan verander, selfs al vind daar vergifnis plaas.

Wat wou ons met hierdie lesing bereik? Net dit: Vergifnis is belangrik en noodsaaklik. Dit sê wie ons is: Burgers van die koninkryk van God. Maar vergifnis is nooit 'n simplistiese of goedkoop saak nie. Of dit nou God is wat my vergewe of ons wat mekaar vergewe, daar is altyd geregtigheid ter sprake. Vergifnis is net die begin van 'n lewenslange herstelproses van dit wat deur sonde verkeerd geloop het. Slegs so kom daar



*sjalom* – totale herstel van verhoudings. Maar dit begin by vergifnis.

**Skrywer:** Prof Hermie van Zyl

---

# Vergifnis en grense – Hermie van Zyl

In hierdie aanbieding sal jy leer:

- Dat dit noodsaaklik is om ander te vergewe in die lig van hoe God ons vergewe;
- Dat daar geen grense is aan ons vergifnis van mekaar nie;
- Dat dit 'n onmoontlike eis is wat tog moontlik is

## 1. Die noodsaak om mekaar te vergewe

Die vorige twee aanbiedings het in die besonder klem gelê op God wat die mens vergewe. In die heel eerste aanbieding het ons egter reeds gesê dat God wat die mens vergewe, en mense wat mekaar vergewe, onskeibaar is. In hierdie aanbieding wil ons daarom graag die klem op die aspek van tussenmenslike vergifnis laat val. Nie net die noodsaak daarvan nie, maar spesifiek die grense daarvan. Hoe ver strek my vergifnis van ander?

Kom ons onderstreep eers net weer die noodsaak om mekaar te vergewe. Dit bring ons terug by die uitspraak oor vergifnis in die ons Vader-gebed. Volgens die Lukas-weergawe (Lukas 11:4) lui dit: “... vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree.” Soos ons reeds in aanbieding 2 gesê het, beteken hierdie gebed nie: Omdat ek ander vergewe

vir hulle oortredings teen my, daarom vergewe God my nie. Nee, God vergewe my enkel en alleen op grond van sy genade in Christus. Wat hierdie frase wel sê, is dat daar 'n verwantskap is tussen hoe God my vergewe en hoe ek teenoor ander optree. Die want-frase wil sê: Ek is bereid om ook so te vergewe soos God my vergewe het. Die Matteus-weergawe (Matteus 6:12) klink 'n bietjie anders (“... vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”), maar beteken dieselfde, naamlik: Ek wil graag maak soos U maak. My vergewing van ander eggo as 't ware God se vergifnis van my; wanneer ek ander vergewe, vorm dit die spieëlbeeld van wat God vir my gedoen het. Die punt is: Wie nie bereid is om ander te vergewe nie, verstaan nie vergifnis nie en het nie regtig insig in sy of haar eie skuld voor God en waarvoor God jou alles vergewe het nie. Indien ons almal leef uit God se genade, indien genade die groot gelykmaker is, dwing dit ons om met ander oë na mekaar te begin kyk. Almal het dieselfde nood aan God se genade en vergifnis. Dit behoort dus vir ons makliker te wees om vir mekaar se tekortkominge, foute en sondes ruimte te maak en mekaar te vergewe. Wel, ten minste logies beskou, maar nou weet ons dat mense nie altyd logies optree nie, veral nie as dit by vergifnis kom nie, soos die volgende gelykenis sal illustreer.

### **1. Hoe ver strek vergifnis? Matteus 18:21-35**

Indien dit waar is dat dit noodsaaklik is om mekaar te vergewe, is die verdere vraag: Hoe ver strek daardie vergifnis? Mense is mos geneig om alles te kwantifiseer. Ons probeer alles afskaal tot hanteerbare groottes en afmetings. Nie net dinge nie, maar ook mense en verhoudings. Ons is voortdurend besig om verhoudings te reël in terme van klassifikasies, reëls, wette en sosiale voorskrifte. Dis alles beperkende maatreëls, deur onself daargestel, wat verhinder dat ons mekaar raaksien en met mekaar kommunikeer. Dis maatreëls waardeur ek myself terugtrek agter skanse, beskerm teen die ander en verskoon om betrokke te raak. Kom ons kyk

hoe die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar van Matteus 18:21-35 ons help om 'n blik te kry op die grense van vergifnis.

Petrus vra in v21: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen. Selfs sewe keer?" Petrus probeer kennelik om homself te beskerm teen te veel betrokkenheid by sy naaste. Sy bekommernis spruit voort uit die vorige verse (v15-20) waar die veronderstelling is dat die gemeente volhardend betrokke sal wees by 'n gemeentelid wat gesondig het. Alles moet in die stryd gewerp word om die lidmaat weer in te skakel by die gemeente. Maar Petrus raak bietjie benoud: Êrens moet hierdie betrokkenheid tog end kry. Hoeveel keer moet ek vergewe as my broer iets verkeerd doen teen my?

Die agtergrond van die vraag in v21 lê in die opvattinge van die Judaïsme van destyds waar grense belangrik was en geestelike aktiwiteite getel en bereken is. Byvoorbeeld, die naaste is slegs die mede-Jood, en jou vyand moet jy haat. Met ander woorde, daar is 'n begrensing van die verhouding met die naaste. So hier ook: Daar moet 'n grens wees aan hoeveel 'n mens kan vergewe; slegs sewe keer, dan het jy jou plig gedoen. Dis interessant dat Petrus nogal die Joodse voorskrif van drie maal verruim as hy sewe keer voorstel. Maar laasgenoemde is slegs 'n kwantitatiewe verruiming, nie kwalitatief nie, want drie keer of sewe keer, dit bly steeds beperk.

God se voorskrif vir vergifnis, vir ons betrokkenheid by mekaar, is egter anders: Sewentig maal sewe keer. Oppervlakkig gesien lyk dit na nog 'n verdere kwantifisering, naamlik 490 keer. Maar in die lig van die gelykenis wat volg, is dit klaarblyklik nie die bedoeling nie. Dit gaan hier oor oordrywing om die punt tuis te bring dat ons vergifnis van ander onbeperk is, *ad infinitum*, tot in die oneindigheid toe. Nog meer: Vergifnis is onvoorwaardelik. Dit blyk uit die feit dat die broer van v21 nie eens berou het of om vergifnis vra nie. Die punt is: Ongeag of die vriend berou het oor dit wat

hy verkeerd teen jou gedoen het, moet daar van jou kant af steeds 'n bereidheid wees om te vergewe. Die liefde en betrokkenheid by die ander is onbegrens, dit hang alles af van hoeveel liefde jy in jou hart het. Daarom dat die opdrag om te vergewe aan die einde van die gelykenis verander van 70x7 keer na "van harte" (v35).

Oor die eis van sewentig maal sewe keer vergewe wil ons egter walgooi: Wie kan dit regkry? Dis te veel gevra van vlees en bloed, 'n mens kan dit nie bekostig nie. Maar die gelykenis van v23-34 wil presies die teenoorgestelde sê: In die lig van die groot skuld wat God my kwytgeskeld het, kan ek dit nie bekostig om *nie* so te vergewe nie.

Die gelykenis wil deur middel van oordrywing en kontraste drie dinge beklemtoon:

1. Die onbetaalbare groot skuld van die mens teenoor God
2. Die onbegryplike grootheid van God se vergifnis
3. Die onbeperktheid van die mens se dankbaarheid

Kom ons neem hulle een vir een.

1. *Die onbetaalbare groot skuld van die mens teenoor God.*

Die "miljoene rand" van v24 is letterlik 10 000 talente; dit is 'n onbetaalbare groot skuld. Dit blyk uit die feit dat Galilea en Perea (die regeergebied van Herodes Antipas) se gesamentlike jaarlikse belastinginkomste destyds maar 200 talente was. Die amptenaar skuld dus 'n astronomiese bedrag. Vanuit sy situasie lyk die prentjie soos volg: Hy skuld 10 000 talente, wat gelyk is aan 50 miljoen dinarii. En 1 dinarius is 'n gewone arbeider se dagloon. Dus, indien 'n dagloner elke dag sy hele dagloon afbetaal, sal dit hom 136 986 jaar neem om terug te betaal. Duidelik 'n onbegonne saak. Maar dis juis die punt. Met hierdie geweldige oordrywing wil Jesus die gedagte onderstreep dat die skuld onbetaalbaar is. Daar is geen manier waarop die amptenaar sy skuld kan delg nie. 'n Ryk man kan nie eens in 'n leeftyd soveel geld maak nie, wat nog te sê 'n

gewone dagloner soveel skuld maak. Maar dít is ons posisie voor God: 'n Onbetaalbare groot skuld.

## *2. Die onbegryplike grootheid van God se vergifnis.*

Die koning kry die man innig jammer, laat hom vry en skryf sy skuld af (v27). So handel God met ons. God se vergifnis is onpeilbaar ruim, groot, diep en onbeperk. Dit is daarom inderdaad 'n vreemde geregtigheid wat aan ons geskenk word. Dit het ons in aanbieding 2 gesien met die behandeling van die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende ure gehuur is (Matt 20:1-16). Die manier waarop God ons sy geregtigheid skenk, is vreemd en ongewoon. Dit kom ons nie toe nie, en tog skenk Hy dit uit genade, omdat Hy goed is.

## *3. Die onbeperktheid van die mens se dankbaarheid.*

Die enigste logiese reaksie van die vergeefde amptenaar sou wees: Grenslose verwondering en dankbaarheid; nimmereindigende, onbeperkte wederliefde en vergifnis. Daarom is sy gedrag teenoor die medeamptenaar so skokkend (v28). Dié skuld hom maar 'n paar rand (letterlik 100 dinarii), wat hy binne 'n jaar of twee sou kon terugbetaal. Ons eerste reaksie is dus een van walging en afkeer: Hoe kan hy so gevoelloos, so harteloos wees! Dit laat mens dink aan Dawid se reaksie toe die profeet Natan hom gaan aanspreek het oor hy Urija se vrou vir hom gevat en Urija op 'n slinkse wyse om die lewe laat bring het (2 Samuel 12). Natan vertel vervolgens aan Dawid die verhaaltjie van 'n ryk man wat 'n besoeker wil onthaal, maar hy is so suinig dat hy 'n arm man se enigste oilammetjie gaan steel en dié vir die besoeker voorsit. Waarop Dawid verontwaardig uitroep: Dié man moet sterf! Maar Natan sê vir Dawid: Jý is die man.

So wil ons ook uitroep by die aanhoor van hierdie hartelose amptenaar se optrede. Hierdie man moet sterf! Maar dan hoor ons uit die mond van God: Jý is die man. Hierdie amptenaar se verfoeilike gedrag is tekenend van jou en my! Ons onwilligheid

om mekaar te vergewe in die lig van die groot kwytskelding wat ons van God ontvang het, is inderdaad skokkend.

Nou word dit meer verstaanbaar waarom die opmerking vroeër gemaak is: Ons kan dit nie bekostig om *nie* ook so te vergewe nie. Daar is net een logiese antwoord op wat God vir ons gedoen het, en dit is om 70×7 keer te vergewe, dit wil sê: radikale, grenslose, onbeperkte vergifnis van ander – tot in die oneindigheid toe, niks minder nie. Maar dis op hierdie punt dat ons ou natuur dwarsweg vasskop. Daarom die volgende afdeling.

### 3. Onmoontlike eis?

Wat God eis, is inderdaad te veel vir vlees en bloed. Dis onmoontlik. Geen mens kan daarby kom nie. Maar God verwag nie die onmoontlike nie. Al wat Hy vra, is dat ons sal *begin* om die onmoontlike te laat moontlik word. Hoe? Deur God toe te laat om deur sy Gees al meer oor te neem, die ou mens te laat sterwe, en my met die nuwe mens in Christus te bekleed. Om ten spyte van my eie geïrriteerdheid met mense, my bevooroordeeldheid, my kritiek op en harde hantering van ander, nogtans daardie eerste tree te gee in die rigting van vergifnis. Om uit te reik, op te soek, besorg te wees, die ander se situasie te probeer peil, sensitief te wees vir ander se nood en behoeftes. Om as kind van God weer van vooraf te leer loop in die koninkryk van God. Om die eerste wankelende babatreetjies te gee in die rigting van ruimhartigheid. Om te besef waar ék vandaan kom, hoeveel vergifnis ek self ontvang het, en ander in daardie lig te sien. Om in te sien: die bietjie vergifnis wat ek uitdeel, is maar net 'n klein teken van God se ruimhartigheid wat my deel geword het, wat algaande ook op my begin afskuur het.

Die feit van die saak is, om te vorder met verhoudings kan dit nie koudbloedig bereken, beperk en aan bande gelê word nie. Dis nie hoe dit werk in die koninkryk van God nie. Verhoudings moet “van harte” wees (v35). Ek moet van harte kan vergewe.

“Van harte” is Jesus se uitleg van 70x7; dis wat 70x7 eintlik beteken. Die hart tel nie, maar voel intuïtief sy weg deur die lewe. Daar moet ruimte in my hart kom vir die ander se andersheid, broosheid, gebreke, tekortkominge en – sonde. Nie kille berekening nie, maar ’n hartlike bekering tot die naaste, ’n ander gesindheid, ingesteldheid – dis die onmoontlike wat God vra, wat tog moontlik is. Waar ek nie kleinsielig en kleinserig wegskeem van ander en my afgrens van ander nie, maar my hart oopstel; so oop en ruim soos God se hart, toe Hy in sy hart vir my ruimte gemaak het, net soos ek is.

Die punt is: Vergifnis het geen grense nie; dit hang maar net af van hoe ruim my hart is. As jy daarop staan dat elke onreg wat aan jou gedoen is (of wat jy dink aan jou gedoen is) gewreek moet word deur woedeuitbarstings, ewigdurende stilstupe, die koue skouer te gee, allerlei kleinlike strafmaatreëls te bedink, of deur mense hof toe te sleep – dan kan daar geen herstel van verhoudings plaasvind nie. Dan word die sagte bindweefsel van genade wat gesinne, families en ’n samelewing aan mekaar hou, stelselmatig vernietig, dan bly alles soos dit was sedert die sondeval. Alles bly dan vasgevang in ’n bose spiraal van geweld en teen-geweld. Daar kan geen nuwe orde tot stand kom nie. Christene bly dan deel van die probleem en word nie deel van die oplossing nie. Niks van God se nuwe wêreld word dan sigbaar in hierdie wêreld nie. Nee, Christene is by uitstek die mense wat geroep word om daardie bose geweldspiraal te deurbreek, om nuwe moontlikhede van herstel te genereer.

Op hierdie punt moet ons ook iets sê oor die verhouding tussen wette en vergifnis. Dit is wel so dat wette en ander afskrikmaatreëls kan keer dat ’n samelewing volledig in duie stort. Maar meer wette, reëls en regulasies kan nie ’n nuwe orde daarstel nie. Dis soos om vir ’n mens te sê wat wil vlieg: Jy moet net jou arms vinniger op en af swaai, dan sal jy kan vlieg. Jy sal in der ewigheid nie kan vlieg nie, want jy is

nie gemaak om te kan vlieg nie. Jy kan net vlieg as jy van binne-af getransformeer is, wanneer jy as vergeefde mens ander begin vergewe. 'n Samelewing kan slegs vooruitgaan as daar die bereidwilligheid is om mekaar se oortredinge te vergewe, wanneer vergifnis as 'n lewensingesteldheid of lewenshouding aanvaar word. En dit behels: a. 'n voortdurende besef van jou eie sonde, onvolmaaktheid en gebrokenheid, en b. om mekaar in liefde, begrip en aanvaarding aan te kyk, te besef dat ons almal leef uit die genade van God, die groot gelykmaker.

Dit is so ongeveer wat dit beteken om mekaar 70x7 keer te vergewe: Jy is voortdurend daarop ingestel om jou eie en ander se tekortkominge as lewensfeit te aanvaar. En jy is altyd bereid om sake vanuit die ander se gesigspunt te benader. Daar kom ruimte in my hart vir ander se andersheid, broosheid, gebreke, tekortkominge en – sonde. So gesien ken vergifnis geen grense nie.

**Skrywer:** Prof Hermie van Zyl

---

# **Vergifnis en skuldbelydenis – Hermie van Zyl**

In hierdie aanbieding sal jy leer:

- Wat die verskil tussen spyt wees en berou oor sonde is;
- Hoe noodsaaklik skuldbelydenis vir vergifnis is;
- Dat die noodsaak van skuldbelydenis nie onsekerheid veroorsaak nie
- Wat die verhouding tussen die normale geloofslewe en skuldbelydenis is

## **1. Die verskil tussen spyt wees en berou oor sonde**



Skuldbelydenis groei uit sondebeseft en berou, wanneer jy beseft wie en wat jy is voor die aangesig van God. En op sy beurt kom berou oor sonde nie vanself nie, maar gebeur dit wanneer die Heilige Gees jou van binne-af oortuig oor jou status voor God. 'n Mens se eerste en natuurlik reaksie by die beseft van sonde is altyd om die werk van die Heilige Gees te weerstaan en jou status as sondaar te ontken. Niemand hou daarvan om te erken dat hy 'n sondaar is en nie deel het aan die heerlikheid van God nie, soos Romeine 3:23 dit stel. Ons stel hierdie erkenning so lank as moontlik uit. Die Bybel waarsku egter dat ons nie die Heilige Gees moet weerstaan en bedroef nie (Handelinge 7:51; Efesiërs 4:30; 1 Tessalonisense 5:19; Jesaja 63:10). Wanneer Hy ons lei tot berou oor sonde, is dit deel van God se heilsweg en moet ons hierdie pad bewandel.

Op hierdie punt is dit belangrik om te verstaan dat daar 'n verskil is tussen spyt wees oor dinge wat verkeerd geloop het en berou oor sonde. By spyt wees staan jyself in die sentrum. Jy is jammer dat jy nie in staat was om 'n saak beter te hanteer nie, dat dinge skeefgeloop het. Jy mag selfs diep teleurgesteld wees in jouself, gepaardgaande met selfverwyt – hoe kón ek, hoe kon ék. En jy mag selfs onderneem om in die toekoms harder te probeer om nie weer dieselfde foute te maak nie. Maar wesenlik gaan dit oor selfhandhawing. Berou is egter anders; dit gaan 'n stappie verder en lê veel dieper as spyt. Dit gaan oor die diepe beseft van wie jy eintlik is, dat jou optrede nie net jou eie ego raak nie, maar ten diepste God se eer aantast en verhoudings met ander benadeel en geskend het. En daar is die bereidheid om teenoor God en ander te erken dat jy verkeerd was. Jy het ook die hartlike begeerte dat verhoudings herstel moet word. Jy is nie daarop ingestel om jou gewaande goeie beeld na buite ten alle koste te beskerm en te handhaaf nie. Jy kom op daardie punt dat jy beseft jy is in wese 'n sondaar en dat die verhouding net deur God herstel kan word, deur sy vergifnis.

Die verskil tussen spyt en berou word tipies geïllustreer deur

Judas Iskariot (spyt) en Petrus (berou). Judas besef dat hy 'n onskuldige Man verraai het; hy erken selfs dat hy gesondig het (Matteus 27:3-5). Maar hy het geen begeerte om die verhouding met Jesus en die ander dissipels te herstel nie. Hy is so teleurgesteld in homself en dat sy eie ideale aan skerwe lê, dat hy homself gaan ophang. Hy kon nie langer met sy eie teleurstelling saamleef nie. Maar by Petrus lê dit anders. Sy voortvarendheid kom tot 'n val, en hy het diepe berou oor sy verloëning van Jesus (Matteus 26:75). Hy kom tot ware selfinsig en het die begeerte dat die verhouding met Jesus en die ander herstel sal word, wat dan ook later gebeur (Johannes 21:15-19). In hierdie twee se lewe word geïllustreer wat in 2 Korintiërs 7:8-11 staan: Daar is 'n droefheid oor sonde wat tot die lewe lei; dis 'n droefheid volgens die wil van God en lei tot bekering en redding. Maar daar is ook 'n droefheid uit wêreldse oorwegings wat tot die dood lei. Laasgenoemde was Judas se paadjie; eersgenoemde Petrus s'n.

## **2. Die noodsaaklikheid van skuldbelydenis vir vergifnis**

Die vraag wat nou ontstaan, is hoe noodsaaklik dit is om jou sonde te bely ten einde God se vergifnis te bekom. Hieroor is die Bybel baie duidelik – sonde wat nie bely word nie, verteer 'n mens. Jy het geen innerlike vrede nie en daar is geen ware herstel van verhoudings moontlik nie totdat jy die sonde waarvan die Heilige Gees jou oortuig het, teenoor God en die ander bely het. So lees ons van Dawid in Psalm 32:3-5 dat sy liggaam uitgeteer en sy krag opgedroog het toe hy nie sy sonde bely het nie. Hy verlang na God se vergifnis en redding sodat hy weer blydskap en vreugde kan belewe (Psalm 51:1-15). Spreuke 28:13 praat ook daarvan dat mens niks goeds te wagte kan wees solank jy jou sonde wegsteek nie; eers wanneer jy dit bely, ontvang jy genade. En in die gelykenis van die verlore seun het die jongste seun die dringende behoefte om sy sonde teenoor God en sy pa te bely (Lukas 15:18). As mens hierdie stem in jou binneste onderdruk en jou skuldbelydenis bly uitstel, kan dit lei tot opstand teen God of gewoon net

afsydigheid teenoor Hom. Meer nog, 'n langdurige onderdrukking van die erkenning en belydenis van sonde kan lei tot die sonde teen die Heilige Gees waar die stem van jou gewete – soos gesensitiseer deur die Heilige Gees – al hoe dowwer en stiller raak totdat jy later geen begeerte meer het om met God versoen te raak nie. Jy het dan die enigste manier wat God het om sy heil aan jou te bemiddel – die werking van sy Gees – in effek stilgemaak.

Ons moet egter die verhouding tussen sondebelydenis en vergewing goed verstaan. Dit is nie so dat God my sonde vergewe op grond van my belydenis van sonde nie. Want dan kan die gedagte posvat dat dit my belydenis van sonde is wat God se houding of gesindheid teenoor my verander. Eers was Hy kwaad vir my, maar na my skuldbelydenis verander dit na goedgesindheid. Maar in die vorige aanbieding het ons reeds gesien dat die grond vir God se vergifnis enkel alleen sy genade is, asook die feit dat Christus in ons plek die straf op ons sonde gedra het. Die rede hoekom Hy vergewe word nie in óns gevind nie, maar in Hom, in sy goedheid en genade. Daar vind dus geen *Umstimmung* by God plaas nie; God is nie eers kwaad vir ons, en ná ons skuldbelydenis versag sy houding na goedgesindheid nie. Nee, God was nog nooit anders as genadig, vol liefde en barmhartig nie (Psalm 103:8-14; 145:8-9; Jona 4:2). Hy reageer dus nie op ons sondebelydenis nie, dis eerder ons wat reageer op sy goedheid; dis sy goedheid wat sondebelydenis by ons ontlok en moontlik maak. Die feit van die saak is dat Hy Hom met ons versoen het toe ons nog sondaars was (Romeine 5:8; 2 Korintiërs 5:19; 1 Johannes 4:10). Hy het ons eerste liefgehad. Dis presies die herinnering aan die liefdevolle vader wat die verlore seun laat terugkeer huis toe. As hy 'n veroordelende vader daar verwag het, sou hy waarskynlik nooit teruggekeer het nie. (Die vader se liefde word veral uitgedruk deur die “innig jammer gekry” van Lukas 15:20.)

Tog, hoewel sondebelydenis nie die oorsaak of grond van God se

vergifnis is nie, kan vergifnis ook nie daarsonder plaasvind nie. Ons kan dit so stel: sondebelydenis is nie soseer vir God belangrik nie, maar vir ons. Dis die enigste manier waarop ons God se vergifnis kan bekom, hoe dit 'n realiteit vir ons word. Sondebelydenis is dus weliswaar nie die grond van vergifnis nie, maar 'n voorwaarde; vergifnis hang nie *af* van my belydenis nie, maar hang daarmee *saam*. Hierdie waarheid word tipies uitgedruk deur die gebeure rondom die vader en die jongste seun in die gelykenis van die verlore seun. Die seun doen wel belydenis van skuld, maar dié word vooruitgeloop en ondervang deur die vader wat lankal reeds na die seun se terugkeer verlang en hom inwag (die vader sien hom van ver af aankom; hy het vir hom gewag). Daarom laat die vader die seun nie eens toe om sy skuldbelydenis volledig te doen nie; hy soen dit as 't ware weg. Hy stel nie eintlik belang in die belydenis nie, Hy is net bly dat die seun terug is by die huis sodat hy as seun herstel kan word. Inderdaad, God het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe (Esegiël 18:23).

Kom ons vat saam om die verhouding tussen sondebelydenis en vergifnis nogeens duidelik te maak. Ons skuldbelydenis is weliswaar noodsaaklik, maar dis nie 'n goeie werk wat beloon word met Goddelike vergifnis nie. God beloon ons nie met vergifnis omdat ons belydenis so opreg is of treffend geformuleer is nie. Ons kan onself nie op die skouer klop dat ons eintlik God se vergifnis verdien deurdat ons tot hierdie insig oor onself of tot berou oor sonde gekom het nie. Nee, sondebelydenis, soos geloof, is 'n manier waarop ons wegkyk van onself om God se vergifnis, wat uit sy genade voortvloei en wat Hy reeds in Christus voorberei het, in ontvangs te neem.

### **3. Die noodsaak van skuldbelydenis veroorsaak nie onsekerheid nie**

Indien skuldbelydenis as noodsaaklik vir vergifnis gesien word, ontstaan die vraag of dit nie 'n soort onsekerheid of

selfs angstigheid by die gelowige tot gevolg het nie. Waar staan ek werklik op die langtermyn met God? Byvoorbeeld, wat van sondes wat ek nog nie bely het nie? Of sondes waarvan ek nie eens bewus is nie? Of sondes wat ek nog gaan doen? Plaas hierdie onbelede sondes nie my verhouding met God in gevaar nie? Beteken dit dat ek op 'n wilde soektog moet gaan na al my vermeende en onontdekte sondes sodat ek dit kan bely ten einde daarvoor vergewe te word?

Hierop kan ons onomwonde antwoord dat die verhouding met God nie 'n *quid pro quo*-een is nie. Dit is nie so dat vir elke moontlike ding wat mag skeefloop in hierdie verhouding daar 'n gepaste "teenprestasie" van ons verwag word om weer die verhouding te herstel nie. En indien hierdie teenprestasie nie gelewer word nie, dan verbeur ons die seën van God en dreig die verhouding om tot niet te gaan. Nee, die gelowige rus vir tyd en ewigheid in 'n geborge en veilige verhouding met God. Ons is nie vasgevang in 'n wettiese opset waar ons suutjies moet trap en gedurig senuagtig oor die skouer loer of ons God nie dalk geaffronteer het nie. Nee, ons is soos kinders in die ouerhuis. Vir seker is alles nie perfek nie; baie dinge loop verkeerd; daar is onbelede sondes; ons selfinsig is nooit volmaak nie. Maar by God as Vader het ons tuisgekom, rustig geword. Sy Seun het immers gesê: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matteus 11:28). By God is daar rus, kalmte, geborgenheid en vreugde. Wat meer is, dis 'n liefdesverhouding, en ware liefde dryf die vrees na buite (1 Johannes 4:18). Ons het die Gees van vryheid ontvang wat maak dat ons nie die hele tyd in vrees en onsekerheid lewe nie. Die Gees maak ons tot kinders van God, en as kinders is ons sy ewige erfgename (Romeine 8:15-17). En niemand kan ons aankla of beskuldig dat ons vanweë ons onvolmaaktheid nie vir tyd en ewigheid aan Hom behoort nie. Niks in die hemel of op die aarde kan ons skei van God se liefde in Christus nie, nie eens ons onbelede sondes nie (Romeine 8:31-39).

So gesien is dit nie voorbarig nie maar juis tekenend van kinderlike vertrouwe wanneer ons sê: Daar is geen plek vir onsekerheid en angs in die verhouding met God nie. Ook my onbelede, onbekende én toekomstige sondes is vergewe. My totale gebrokenheid word ondervang deur God se vergifnis wat ten diepste nie afhanklik is van my belydenis van sonde nie, maar van sy genade en liefde.

#### **4. Die verhouding tussen die normale geloofslewe en skuldbelydenis**

Die laaste kwessie wat ons moet aanraak, is: Hoe pas sondebelydenis in die normale geloofsverhouding met God in? Anders gestel: Lei berou en sondebelydenis tot geloof in God, of is dit andersom: Berou en sondebelydenis vloei voort uit die geloofsverhouding met God?

Ideaal gesproke behoort 'n "sondebeseft" tot geloof in God te lei, maar die geskiedenis leer ons dat dit nie altyd die geval is nie. In afdeling 1 het ons juis gesien dat Judas Iskariot tot 'n bepaalde sondebeseft gekom het nadat hy Jesus verrai het, maar dit het nie tot sy redding gelei nie; intendeel, hy het in wanhoop homself gaan ophang.

Wat gebeur, is dat die aanvanklike ontmoeting met God lei tot sondebeseft, soos Petrus ervaar het tydens die wonderbaarlike visvangs (Lukas 5:8). Hy is so oorstelp deur hierdie gebeure dat hy uitroep: "Gaan weg van my af Here, want ek is 'n sondige mens." Hy beseft hy is op heilige grond, dat hy in die teenwoordigheid van die Heilige is, en dat hy 'n sondaar is. Dit het ook gebeur toe Johannes die Doper met sy prediking begin het (later ook oorgeneem deur Jesus): "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom" (Matteus 3:2; 4:17). In die lig van die ontsagwekkende teenwoordigheid van God se koninkryk is daar net een gepaste reaksie: Sondebeseft, skuldbelydenis en bekering. En so het baie mense inderdaad op Johannes se prediking tot sondebeseft en geloof gekom, hulle selfs laat doop (Lukas 3:3-14). Maar hierdie aanvanklike

belydenis moet deel word van die normale geloofslewe. Die groeiende besef van wie God en wie ek is, wat voortvloei uit die groeiproses in 'n normale geloofslewe, lei tot verdieping in sondebeseft en -belydenis. Opregte boetvaardigheid word gebore, én verdiep algaande, vanuit die geloofsverhouding met God. Dit is die logiese uitvloeisel van 'n lewe *coram Deo* ("voor die aangesig van God").

In hierdie verband het Calvyn gepraat van die Christelike lewe as een van *mortificatio* en *vivificatio*, wat beteken: die doding of kruisiging van die vlees (die ou natuur), en die opstanding van die nuwe mens, die vernuwing tot 'n lewe in Christus. So gesien vorm *mortificatio* en *vivificatio* keersye van mekaar; beter gestel: die doding van die ou natuur vind plaas vanuit die vernuwing van my lewe in Christus. Hoe nader ek aan Christus leef, hoe meer ek die nuwe mens in Christus ervaar en uitleef – hoe meer haat ek my ou natuur en kruisig ek dit. Die belydenis van sonde is dus nie 'n eenmalige daad van berou nie, maar deel van 'n lewenslange groei na Christus toe. Laasgenoemde laat my al meer my sonde ontdek en wek voortdurend die behoefte om my sonde te bely. Uiteraard nie op 'n vreesagtige en patologiese manier nie; dit is net die spontane uitvloeisel van 'n lewe saam met Christus. Ek ontdek en erken algaande die waarheid van Romeine 3:23: "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie." Die Christelike lewe bestaan derhalwe daarin om dood te wees vir die sonde (*mortificatio*), maar te lewe vir God (*vivificatio*), omdat ons een is met Christus (Romeine 6:11).

**Skrywer:** Prof Hermie van Zyl

---

# Vergifnis en genade – Hermie van Zyl

In hierdie aanbieding sal jy leer:

- Ons is diep in die skuld by God;
- God vergewe omdat Hy genadig is, en omdat sy Seun uit liefde die straf op ons sonde gedra het

Die gelykenis van die arbeiders op verskillende ure gehuur (Matteus 20:1-16) dien as goeie illustrasie van God se genade.

## 1. Ons is diep in die skuld by God

Ons is van nature mense wat nie beantwoord aan die doel waarvoor God ons gemaak het nie. Ons is diep in die skuld by God; dis ons status voor God. Ons bly weliswaar beeld van God, maar dit is 'n geskende beeld vanweë die sonde.

Natuurlik is bogenoemde nie 'n vanselfsprekende insig nie. Dis 'n insig wat jy slegs bekom as jy jouself bekyk in die lig van God se wil, wanneer jy naak en eerlik voor Hom staan. En veral wanneer jy gevoelig gemaak is vir God se wil deur sy Gees wat in jou woon en werk. Dis dan dat die skrikwekkende besef by 'n mens daag oor die enormiteit van ons skuld voor God en ons naaste. Wanneer ons kyk na onself (persoonlike sonde) en na die toestand van die wêreld (kollektiewe sonde), krimp mens ineen oor wat ons gemaak het met die gawes en geleenthede wat God gee. Hoe het ons dit nie verniel en opgemors nie – persoonlik en kollektief. Wat doen ons aan mekaar, hoe pynig ons mekaar, hoe maak ons God seer. Nie net die slegte wat ons mekaar aandoen nie, maar veral die goeie wat ons nalaat om te doen. Ons verkies om ander pad te kyk en eenkant verby te hou by alles wat 'n appèl maak op ons liefde, soos die priester en Leviet in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, toe hulle die verwonde man langs die pad sien. Ons sien dit nie raak nie, want die liefde ontbreek. Daarenteen, hoe treffend



is Jesus se optrede: Toe Hy die skare sien wat soos skape sonder 'n herder is, het sy hart ineengekrimp van medelye (letterlik: sy ingewande het in beweging gekom). En ten spyte van sy eie vermoedheid het Hy gehelp (Matteus 14:14). Hierdie ingesteldheid ontbreek dikwels so klaaglik by ons.

Wanneer die enormiteit van hierdie sonde/skuld tot jou deurdring, jou tussen die oë soos 'n voorhamer tref, wil jy uitroep: "Berge val op ons, heuwels bedek ons" (Hosea 10:8); of: "dit is klaar met my; ek is verlore; elke woord oor my lippe is onrein; ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is" (Jesaja 6); of: "gaan weg van my Here, want ek is 'n sondige man" (Petrus aan Jesus; Lukas 5:8). Dis dan dat ons maar net kan uitroep: *mea culpa*; Here, ek is skuldig; vergeef ons ons sonde/skuld. 'n Mens besef dat daar niks anders is wat jy God kan vra nie. Ek kan nie aanspraak maak op my eie meriete nie; ek kan nie my voortreflike CV voorhou nie; niks kan my sonde bedek nie; daar's niks wat ek kan doen om dit te laat verdwyn nie; daar's net een ding wat daarmee kan gebeur: God moet dit vergewe. En dan ontdek ons die verrassende – nie 'n veroordelende God nie, maar 'n genadige God; Een wat barmhartig, genadig, lankmoedig en vol liefde is (Ps 103:8).

## **2. God vergewe omdat Hy genadig is, en omdat sy Seun uit liefde die straf op ons sonde gedra het**

Dis belangrik om goed te verstaan waarom God vergewe, want 'n teks soos Lukas 11:4 kan nogal daarop dui dat ons wel iets het om God aan te bied. Daar staan: "... vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree." Dit lyk al asof ons ons voortreflike gedrag vir God aanbied as grond of rede waarom Hy ons moet vergewe: Here, ek is darem nie so sleg nie; ek vergewe darem ook my naaste so af en toe; dus: vergewe my asseblief op grond van goeie gedrag. Nee, die grond van God se vergifnis is nie ons goeie gedrag of voortreflike lewe nie. Die grond vir sy vergifnis is enkel en alleen omdat Hy goed is. Hierdie gedagte word treffend geïllustreer in die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye gehuur is

(Matteus 20), wat ons in afdeling 3 aan die orde stel.

Nog meer: Ek ontdek dat God my eintlik klaar vergewe het nog voordat ek my skuld kon bely. Ek ontdek dat God nog die heelyd vir my gewag het, soos die pa in Lukas 15 op die verlore seun gewag het. Hy sien die seun van ver af kom, hardloop hom tegemoet en soen as 't ware sy seun se skuldbelydenis weg. Hy oorlaai hom met sy goedheid en herstel hom as seun in sy huis. Paulus verwoord dieselfde gedagte in Romeine 5:8 so: "God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." In Christus versoen God Homself met die *sondige* wêreld. Die vergifnis is dáár, beskikbaar; die genade-fees is gereed gemaak in Christus. Nou wag God met 'n oop hart en uitgestrekte arms vir die wêreld om die uitnodiging te aanvaar en die genade-fees te kom geniet.

*God sien nie sonde oor nie*

Ons moet egter ook verstaan dat die genade-fees wat gereedgemaak is in Christus nie beteken dat God soos 'n goedige oupatjie sy kinders en kleinkinders se "foutjies" bloot oorsien nie. Hy kyk nie ander pad en maak asof Hy die ongeregthede van sy skepsels nie raaksien nie. Nee, sonde grief God; Hy hou nie daarvan nie; Hy straf sonde; dis 'n vreemde kanker in sy goeie skepping. God skep daarom 'n regsbasis op grond waarvan Hy sonde vergewe. Hierdie regsbasis word geskep deurdat God die sonde van die wêreld – en daarmee elkeen van ons s'n – gestraf het aan sy Seun, Jesus Christus. Omdat Christus in ons plek die straf op die sonde gedra het, kan ons vrygespreek word van ons skuld. Soos 2 Korintiërs 5:21 sê: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons ... deur God vrygespreek kan word".

*God is nie wraakgierig nie*

Maar let wel, dis nie asof God se wraaklus eers bevredig moes

word voordat Hy kon vergewe nie. God se hart word nie vermurwe of omgebuig omdat iemand se bloed gevloei het nie. God was nie eers kwaad en nou het sy woede afgekoel omdat iemand geboet het nie. Soos die Duitsers sê: daar vind nie 'n *Umstimmung* by God plaas nie; dit was nie nodig om God se gemoedstemming te verander, Hom te oorreed of om te praat om ons te vergewe nie. Nee, God was nog altyd genadig, barmhartig en vol liefde. Wanneer Hy vergewe, doen Hy dit juis uit genade en liefde; dis die bron van vergifnis. En Hy skenk die soenoffer – Jesus Christus – uit genade en liefde.

Dit is natuurlik 'n vraag waarom daar 'n bloedoffer moet wees om sondevergifnis te bewerkstellig. Kon God nie maar net vanuit sy wese en aard vergewe het nie? Verskillende antwoorde word gewoonlik gegee, soos dat God se geregtigheid vereis dat die sonde gestraf moet word, of dat God se heiligheid en eer aangetas is en so herstel moes word, of om die ernstige gevolge wat sonde inhou, te beklemtoon. Maar die interessante is dat ons geen van hierdie antwoorde in die Skrif aantref nie. Al wat ons kan sê, is dat die Bybel die weg van die offer as noodsaaklik aandui, dat die mens nie die offer kan bring nie, en dat God Self die offer voorsien het, soos Hy dit gedoen het met die ram wat in die plek van Isak geoffer is (Genesis 22). Maar dit maak nie van God 'n bloeddorstige, wraaksugtige God wat eers bloed wil sien voordat Hy vergewe nie. Inteendeel, die feit dat Hy Self die offer voorsien – boonop sy eie Seun – wys juis hoe lief Hy sy skepsels het. Die punt is, die offer van Jesus lê die liefdeshart van God bloot, nie sy wreedheid nie.

### *Vergifnis verander ons status voor God*

Die feit dat God ons sonde om Christus ontwil vergewe, verander ons status voor God van geskende beeld van God na herstellde beeld van God. In Christus het ons klaar opgestaan uit die dood en kan ons nou begin beantwoord aan die doel waarvoor God ons gemaak het – om tot eer van sy Naam te lewe en 'n seën vir ander te wees.

God se vergifnis beteken dat Hy ons slegte skuld by Hom afgeskryf en daarvan vergeet het; Hy dink nie meer daaraan nie (Jesaja 43:25; Jeremia 31:34); Hy het die lei skoongevee. Ons kan nou van vooraf begin leef asof die slegte, die onreg nooit gebeur het nie. In “rekenaartaal” kan ons dit so stel: Vergifnis is soos om ‘n rekenaar wat vashaak te herstel tot ‘n punt voordat die probleem begin het. So word die probleem uitgewis, asof dit nooit bestaan het nie. Dít is hoe God vergewe. Daarom staan daar in Psalm 103:8-13: “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos ‘n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.”

Hierdie aard en ingesteldheid van God – genadig en barmhartig – is die bron van hoekom God ons vergewe. Die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye gehuur is (Matteus 20:1-16), illustreer God se genade by uitstek.

### **3. Die gelykenis van die arbeiders op verskillende ure gehuur dien as illustrasie van God se genade**

Die eintlike punt van die gelykenis is dat God se geregtigheid/regverdigheid anders werk as ons gevoel van regverdigheid. In die koninkryk van God is daar nie bevoorregting van die eerstes en benadeling van die laastes nie; almal word gelyk behandel. Die dissipels was waarskynlik die eerstes, en dié wat later in die koninkryk kom werk het, die laastes. Die dissipels het gedink dat hulle bevoordeel sal word (vgl 19:27: “Ons het alles verlaat; wat sal ons daarvoor kry?”). In die koninkryk van God gaan dit egter oor die soewereiniteit/vrymag en genade van God, soos dit in hierdie gelykenis veral in die eienaar se vreemde optrede teenoor die

werkers aan die lig tree. (Die eienaar slaan kennelik op God.)

Let wel: Hoewel die *woord* genade nie in die gelykenis voorkom nie, is die *saak* deurgaans teenwoordig, veral soos dit blyk uit die eienaar se goedheid en vrymag. En hieruit vloei al God se handeling met die mens voort, ook wanneer Hy gekonfronteer word met die mens se sonde.

*God se vrymag en genade*

Waaruit blyk die soewereiniteit/vrymag en genade van God?

**1. Die eienaar begin by die laastes, en betaal hulle dieselfde loon as die eerstes.**

Dit dui op die *vrymag* van God wat met sy besittings kan maak soos Hy wil (v15): As die eienaar die laastes ewe veel wil betaal as die eerstes – wie kan daarmee stry? In elk geval, hy kul niemand nie, want hy het met almal ooreengekom op 'n dagloon.

**2. Die eienaar tree op uit goedheid.**

Die eienaar maak wel soos hy wil met sy goed, maar hy gooi nie sy gewig rond net omdat hy die mag het nie; sy mag lei nie tot arbitrêre en willekeurige optrede nie. Hy maak so omdat hy *goed* is (v15); hy tree vrymagtig en soewerein op omdat hy almal wil laat deel in sy oorvloed en goedheid. Hy weet dat iemand nie met minder as 'n dagloon 'n gesin kan onderhou nie. Daarom gee hy 'n volle dagloon ook aan hulle wat slegs een uur gewerk het. Dus, soewereine optrede, enersyds, en liefdevolle optrede, andersyds, staan nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan, interpreteer mekaar, is twee kante van dieselfde muntstuk.

*Die mentaliteit van die klaers*

Watter beeld word hier van God geteken, die Eienaar van hemel en aarde? Wat wil God omtrent Homself meedeel in hierdie gelykenis? Om by die antwoord uit te kom, moet ons iets

verstaan van die mentaliteit van die klaers, die sogenaamde verontregtes. Want dis hoe ons almal se koppe werk (en hoekom ons dikwels nie kan vergewe nie).

Ons dink vanuit die skema van verdienste en loon: Soveel werk, soveel betaling. Alles moet netjies balanseer in terme van prestasie gelewer: Geen werk, geen betaling; min werk, min betaling; baie werk, baie betaling. Dis so deel van ons denke dat ons nie buite daardie kassie kan dink nie. Ons projekteer dit ook op ons verhouding met God en met mekaar: Soos dit in die daaglikse arbeidspraktyk werk, so ook met God en mense. Daarom, ons kyk met 'n "slegte oog" (v15: "afgunstig" se letterlike betekenis) wanneer ons God se goedheid in werking sien; dit wil sê, ons kyk met afgunstigheid, nydigheid, jaloesie en verontwaardiging; ons voel verontreg. Dieselfde houding is teenwoordig by die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun (Lukas 15): "hierdie seun van pa wat pa se goed met prostitute deurgebring het, vir hóm slag pa die vetgemaakte kalf". Vir hóm, van alle mense. Dit druis in teen alle gevoel van regverdigheid. So kon die Joodse geestelikes dit in Jesus se tyd ook nie vat dat die tollenaars en sondaars deel vorm van Jesus se gehoor nie. En toe moes die leiers ook nog hoor dat hierdie veragtes, hierdie laastes vóór hulle in die koninkryk van God sal ingaan (Matteus 21:31).

*Ons lewe almal uit die genade van God – laastes én eerstes*

Maar ons moet begryp dat daar 'n ander werklikheid is waaruit ons almal lewe, naamlik God se onbegryplike goedheid wat aan die laastes dieselfde wil gee as aan die eerstes. Die laastes is hulle wat niks verdien nie, wat ledig op die mark rondstaan, deur ander verag word, nie goed genoeg geag word om te deel in die loon van die eienaar nie. En die eienaar/God tree so op nie omdat hy onregverdig is nie, maar omdat hy/Hy goed is.

Ons vergeet so maklik, ook die eerstes deel in die genade en goedheid van God. Ook aan die eerstes het Hy genade bewys deur

hulle toe te laat om in sy wingerd te werk. Om eerste te wees, is nie te danke aan ons prestasie nie, maar ook aan God se goedheid. Almal, of ons eerste of laaste is, kry dieselfde loon: 'n genadeloon! Die genade van God is die groot gelykmaker, ons het almal dieselfde status en waardigheid in God se oë: begenadigde sondaars.

Dit is die wet van die koninkryk van God. Dit is die hart van die evangelie, God se goeie nuus wat ons van harte moet omhels. Dit is die vreemde geregtigheid van God. God se geregtigheid gaan nie in die eerste plek oor vergelding of straf nie, of, aan die ander kant, om ons te beloon vir ons goeie werke nie, maar om aan almal van ons – die eerstes én die laastes – sy onbegryplike genade te skenk. Dit keer ons hele idee van geregtigheid op sy kop, dit verander die hele manier waarop ons oor God, onself en ander mense dink en na hulle kyk. Maar dit is hoe die koninkryk van God se geregtigheid werk. Raar, maar waar.

### *God se “oop einde”-genade*

Die gelykenis sê nie hoe die eerstes wat gekla het, gereageer het nie. Hierdie gelykenis, soos die meeste ander, het 'n “oop einde”, sodat mens kan nadink oor wat die soewereiniteit en goedheid, ja, die genade van God beteken. God se uitsonderlike vrymag en genade sit mens altyd aan die dink, ten minste as jy iets verstaan van die wonder, die vreemdheid en die impak daarvan. Elkeen moet antwoord op hierdie vreemde geregtigheid. Dit móét 'n impak hê op ons daaglikse lewe – hoe ons na God, onself en ander mense kyk, wat ons doen of nie doen nie. As hierdie vreemde geregtigheid van God ons nie aanraak en in beweging bring nie, dan verloor ons kontak met God se werklikheid – die koninkryk van God – waar die eerstes laaste is en die laastes eerste.

### *Samevatting oor vergifnis en genade*

Wat sê hierdie gelykenis vir ons onderwerp van vergifnis en

genade?

1. Die grond of bron van vergifnis is God se liefde, **genade**, barmhartigheid en goedheid. As mens dít nie verstaan nie, verstaan jy nie hoe God se verhouding met ons, en mense s'n met mekaar werk nie. Verhoudings bestaan nie net uit harde wette, ooreenkomste en regulasies nie, maar uit die sagte bindweefsel van genade.
2. **Genade** (en daarmee vergifnis) is die **groot gelykmaker**. Almal is ewe skuldig en sondig, verdien niks, en kan op geen voorkeurbehandeling aanspraak maak nie. Ons mag ons daarom nie aanstel teenoor mekaar asof die een skuldiger of beter is as die ander nie. Daar is nie eerstes en laastes by God nie; ons leef almal van sy genade.
3. Hierdie insig het 'n impak op hoe ons na mekaar kyk en teenoor mekaar optree. As God so met ons maak, mag ons ook maar **sagter**, meer begrypend, sensitiewer, minder veroordelend, milder, ruimhartiger teenoor mekaar optree.
4. Uit hierdie ruimhartige kyk na mekaar vloei **vergifnis van mekaar se oortredings**. Vergifnis is daarom nie 'n oppervlakkige en lighartige afskud van die verlede en bloot 'n "aanbeweeg" nie. Nee, dit vloei voort uit 'n hartgrondige kyk in die genadige en ruimhartige hart van *God*, 'n empatiese kyk na *ander*, en 'n indringende kyk na my *eie* hovaardige en aanstellerige hart. Dis om te besef, geregtigheid werk anders in die koninkryk van God as waaraan ek gewoond is. En ek is 'n draer van daardie vreemde geregtigheid. God se geregtigheid kom juis na vore wanneer ek nie my regte opeis as die verontregte nie, maar oënskynlik die onderspit delf deur die ander te vergewe. Dit het niks aan God se Godheid afgedoen deur ons te vergewe nie; dit sal niks aan ons menswees afdoen om ook te vergewe nie – inteendeel.

**Skrywer:** Prof Hermie van Zyl